# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *12* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LETTERKUNDE** | **(50)** |

**Gedigte en Filmstudie**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING B:** | **STELWERK** | **(50)** |

**Lang Transaksionele teks (keuse) en Kort Transaksionele teks (verpligtend)**

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: Vakansie (Elizabeth Fourie)






# Vakansie

Vakansie is net om die draai
Dis weer tyd om die motor te laai
Ag Pa, maak tog gou!
Ons wag net vir jou
Dan kan ons lekker laat waai.

Die fles met koffie is in
Die feestyd gaan nou begin
Gepak is my tas
My gordel is vas
Die tyd na die see toe raak min.

Ek sien die see...
Ag Ma, kan ons sommer nou dadelik gaan swem?

Sambrele, sambrele – 'n bloue, 'n gele
Staan oral gepak op die strand
Die grafies en emmers, die mooiste kastele
Gebou van die sagte spierwit sand.

Die kinders wat lag en skater en skater
En plas in die water
Pa lê so lui op sy rug
Desembervakansie
Die son dans 'n dansie
En lag in die helder blou lug

**VRAE:**

**1.1 Vir wie moet die gesin wag?** **(1)**

**1.2 Waarheen is die gesin op pad?** **(1)**

**1.3 Gedurende watter seisoen gaan hulle met vakansie?** **(1)**

**1.4 Hoekom word die woord "sambrele" herhaal?** **(1)**

**1.5 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 4 aan.** **(1)**

**1.6 Pas die beeldspraak in KOLOM B by die aanhalings in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.6.1-1.6.4) by die letters (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 "Ek sien die see..." | A. Assonansie |
| 1.6.2 "wat lag en skater en skater" | B. Personifikasie |
| 1.6.3 "Die son dans 'n dansie" | C. Klanknabootsing |
| 1.6.4 "En plas in die water" | D. Ellips |
| | E. Alliterasie |

**(4)**

**1.7 Wat wil die spreker graag doen as sy die see sien? Haal een woord as antwoord aan.** **(1)**

**1.8 Wat bou die kinders op die spierwit sand? Haal drie opeenvolgende woorde aan.** **(1)**

**1.9 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal een versreël uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.**

**Pa is baie aktief op die strand.** **(1)**

**1.10 Beskryf die weer op daardie dag.** **(1)**

**(13)**

## VRAAG 2: Vakansieromanse





## Vakansieromanse

Soms wil ek liewer net vergeet
en soms wíl ek graag onthou ...
maar elke keer as ek melkskommel drink
dan dink ek weer aan jou

Want ek drink lemmetjie
en jy drink lime
aarbei en strawberry
albei is fine

Ek hou daarvan double thick
jy drink dit dubbeldik
en so het ons ons boude lam
in die Wimpy's omgesit

Die malva-lekkers wat bo-op dryf
het ek en jy gedeel
en so onderdeur die tafel heen
het ons voete met mekaar gespeel

Hoe drink jy nou jou milkshake?
sal ek bitter graag wil weet
want vandag is dit weer moeilik
om daai melkskommel dae te vergeet

**VRAE:**

**2.1 Haal een woord aan wat vir ons sê hierdie was net 'n tydelike romanse. (1)**

**2.2 Watter woord in strofe een herinner die spreker aan hierdie romanse? (1)**

2.3 Kies die korrekte woord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer (2.3) en die letter (A-D) neer.

Wanneer 'n woord soos "melkskommel" so baie in 'n gedig gebruik word, noem ons dit ...

A. klanknabootsing
B. onomatopee
C. herhaling
D. ellips (1)

2.4 Gee 'n voorbeeld van alliterasie in die gedig. (1)

2.5 Voltooi die paragraaf deur die korrekte woorde in te vul. Skryf net die nommer (2.5.1 – 2.5.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| Die spreker en die seun het in die 2.5.1 ___ gesit en 2.5.2 ___ drink. Daar was 2.5.3 ___ wat bo-op gedryf het. Hulle 2.5.4 ___ het met mekaar onder die tafel gespeel . |

(4)

2.6 a) Uit hoeveel versreëls bestaan elke strofe? (1)

b) Wat noem ons hierdie tipe strofes? (1)

2.7 Haal twee versreëls aan wat vir ons sê die spreker en die seun het lank saam gesit en melkskommels drink. (1)

2.8 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal uit die laaste strofe aan om jou antwoord te bewys.

Die spreekster dink glad nie meer aan die seun nie. (1)

2.9 Watter vraag vra die spreekster wat bewys sy sien nie meer die seun nie? (1)

(13)

## VRAAG 3: As Lara glimlag (Jaco Jacobs)







As Lara glimlag

1 As Lara glimlag
2 word my skooltas onverwags lig,
3 wiskunde eensklaps maklik
4 en verstaan ek daai Shakespeare-gedig.

5 As Lara glimlag
6 Verdwyn die grys ou skoolgebou.
7 Haar glimlag kan jou selfs
8 van Maandae laat hou.
9 As Lara glimlag
10 kry my rugbytoks vlerke,
11 kan selfs verloor oukei voel.

12 Ek wens net Lara se glimlag
13 was spesiaal vir mý bedoel.





**VRAE:**

**3.1 Kies die korrekte woord en skryf dit neer.**

**Lara is 'n baie (onvriendelike/vriendelike) meisie. (1)**

**3.2 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf die nommer (3.2.1 – 3.2.4) en die letter (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.2.1 Die spreker se tas | A. moeilik |
| 3.2.2 Die skoolvak waarmee die spreker sukkel is | B. mooier |
| 3.2.3 Shakespeare-gedigte is gewoonlik ... | C. Wetenskap |
| 3.2.4 Die "ou grys skoolgebou" lyk nou ... | D. Wiskunde |
| | E. was eers baie swaar. |

**(4)**

**3.3 Wat is die rede waarom die spreker nou selfs van Maandae hou? (1)**

**3.4 a) Aan watter sport het die seun deelgeneem? (1)**

**b) Haal een woord aan wat dit bewys. (1)**

**c) Haal een versreël aan wat bewys dat sy span nie altyd goed doen nie. (1)**

**3.5 a) Uit hoeveel versreëls bestaan die laaste strofe? (1)**

**b) Wat noem ons hierdie tipe strofe? (1)**

**3.6 Verduidelik waarom die spreker aan die einde teleurgesteld was. (1)**

**3.7 Haal een woord in die laaste strofe aan wat bewys dat die spreker besef het die meisie het nie gedink <u>hy</u> is so spesiaal nie. (1)**

**(13)**

**VRAAG 4: Agent 2000**



shutterstock.com · 1279230679



shutterstock.com · 1648352251

**4.1 Wat is die skool se naam? (1)**

**4.2 Wat is die hoofkarakter se werk? (1)**

**4.3 Waarom is dit so belangrik om die Laksman voor die groentjie konsert te vang? (1)**

**4.4 Wat doen die Laksman met die graad 8 leerlinge? (1)**

**4.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer**

**Walter was die (eerste/laaste) baba van die milenium. (1)**

**4.6 Pas die beskrywings in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer (4.6.1 – 4.6.4) en die letter (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 Walter | A. is die likkewaan. |
| 4.6.2 Spiky | B. is in die moeilikheid by sy pa. |
| 4.6.3 Chanté-Amoré | C. is ook die hoofseun. |
| 4.6.4 Die Laksman | D. is die skoolhoof. |
| | E. is verlief op Walter. |

**(4)**

**4.7 a) Wie was eintlik die Laksman? Gee sy naam. (1)**

**b) Hoekom het hy besluit om die "Laksman" te word? (1)**

**(11)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50 PUNTE**

**AFDELING B: STELWERK**

**VRAAG 1: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**LET WEL: Jy het 'n keuse (choice) tussen twee vrae.**

**<u>INSTRUKSIES</u>:**

- **Kies EEN van die twee skryfstukke.**
- **Jou skryfstuk moet 120 – 150 woorde lank wees.**
- **Jy moet dit IN POTLOOD beplan, 'n eerste poging en dan IN PEN, 'n finale poging skryf.**
- **Skryf jou aantal woorde onderaan neer.**

1.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF



Jy het 'n advertensie in die Huisgenoot oor penmaats gesien. Jy wil graag 'n penmaat hê.

Skryf nou 'n vriendskaplike brief aan hierdie penmaat waarin jy hom/haar 'n bietjie meer van jouself vertel.

**OF**

1.2 RESENSIE

Skryf 'n resensie oor 'n boek wat jy gelees het of 'n fliek wat jy gesien het.






**[30]**

**VRAAG 2: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**DAGBOEKINSKRYWING**






**LET WEL: Hierdie vraag is verpligtend (compulsory) om te doen.**

**INSTRUKSIES:**

- **Die onderwerp is gebaseer op die kortverhaal: *Nog iemand vir pynappel op pizza.***
- **Jy moet jou skryfstuk IN POTLOOD beplan, 'n eerste poging en dan IN PEN, jou finale poging neerskryf.**
- **Jou feite moet korrek wees volgens die kortverhaal.**
- **Jou DAGBOEKINSKRYWINGS moet 80 – 100 woorde lank wees.**
- **Onthou om jou aantal woorde onderaan neer te skryf.**

**DAGBOEKINSKRYWING OOR TWEE DAE:**

***Tiaan het onlangs by 'n nuwe skool begin. Hy voel ongelukkig en dink dat die kinders nogal "weird" is.***

**Doen nou die dagboekinskrywings oor twee dae soos volg:**

- **Skryf Tiaan se gevoelens en gedagtes neer VÓÓR hy na Suzanne se huis toe gegaan het.**
- **Skryf Tiaan se gevoelens en gedagtes neer NÁ hy by Suzanne se huis was.**

**Jy moet die korrekte name en inligting gee. Gebruik jou verbeelding en wees kreatief.** **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 50 PUNTE**

**SOMTOTAAL: 100 PUNTE**

**KLEUR DIE PRENT IN AS JY KLAAR IS.**

